Proof 2 Bus Day, BRN, Volksblad, Beeld and Burger on the 20/11/07 size 17x3 Spell Check V
Monique Otto 011 282 1847 083 411 1082

Remgro Beperk

(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienommer 1968/006415/06)
Aandelekode: REM ISIN: ZAE000026480
("Remgro" of "die Maatskappy")

Omsigtigheidsaankondiging – Remgro oorweeg herstrukturering

Remgro kondig aan dat hy 'n herstrukturering van die groep oorweeg om sy tabakbates van sy ander belange te skei. Die groep hou tans 'n indirekte belang van 10,6% in British American Tobacco plc ("BAT"). Die opsies wat oorweeg word vir die herstrukturering mag tot gevolg hê dat Remgro-aandeelhouers die opsie gebied word om direkte aandeelhouers in BAT te word.

Die voorgestelde herstrukturering weerspieël veranderinge wat in die regs- en fiskale omgewing in Luxemburg op hande is. Remgro hou sy belang in BAT deur 'n Luxemburgse "1929"-beheermaatskappy, R&R Holdings SA. Die spesiale status van sodanige "1929"-beheermaatskappye sal aan die einde van 2010 opgehef word.

Die planne vir hierdie moontlike herstrukturering bly onderworpe aan verdere hersiening en regulatoriese goedkeurings om die verlangde resultaat te implementeer. Daar kan geen sekerheid wees dat enige sodanige hersiening daartoe sal lei dat 'n voorstel aangekondig sal word nie, of dat enige gevolglike voorstel die kenmerke sal vervat wat hierbo uiteengesit is nie.

'n Verdere aankondiging sal, wanneer toepaslik, gemaak word. Tot dan sal geen verdere kommentaar gelewer word nie.

Aandeelhouers word aangeraai om omsigtig te wees met die verhandeling van hul aandele totdat 'n verdere aankondiging gedoen word.

19 November 2007
Stellenbosch

Aksekbank en borg

RAND MERCHANT BANK
A division of FirstRand Bank Limited

INCE